Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 25 Jul 2017
Page: 16

AVE: 25221.50
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

# SA se topatlete kap ASA oor spankeuses

**Wim Pretorius**

Atletiek Suid-Afrika (ASA) loop onder kwaai kritiek in sportkringe deur vir die spankeuses wat hy vir volgende maand se Wêreldbyeenkoms in Londen gemaak het.

Benewens die insluiting van vier marathonatlete wat nie onder die top-130 in hul item in die wêreld tel nie, het ASA 13 atlete weggelaat wat wél aan die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (IAAF) se vereistes voldoen het en aansienlik hoër op die wêreldranglys in hul onderskeie items is.

Onder die 13 tel Henricho Bruintjies (100 m), Rynardt van Rensburg (800 m), Wayne Snyman (20 km-padwedloop), Cornel Fredericks en LJ van Zyl (albei 400 m-hekkies).

Van Suid-Afrika se voorste atlete wat wel die span gehaal het, het op sosiale media ASA se spankeuses bevraagteken.

"Dis alles goed en wel wanneer jy talent probeer ontwikkel, maar wanneer daar 'n geleentheid is om die talent te help groei, maak jy die deur vir hulle toe," het Akani Simbine, wat vir die 100 m en 200 m gekies is, Sondag getwiet.

Wayde van Niekerk het ook gesê spankeuses behoort die laaste probleem te wees in 'n land met soveel talent. Volgens hom werk atlete te hard om dié verwerping te moet verduur.

Sunette Viljoen, wat aan die spiesgooi sal deelneem, het Simbine se twiet gedeel en ook haar teleurstelling uitgespreek. "Stem volkome saam. Dis so teleurstellend. Hoe motiveer jy die jong, opkomende atlete as hulle deelname geweier word?"

Selfs die voormalige Blitsbokafrigter Paul Treu het kritiek uitgespreek en gesê die beleid vir elite-sport (soos wat ASA dit toepas) strook nie met die regering se doelwit om massadeelname aan te moedig nie.




Wayde van Niekerk

Volgens Wilhelm de Swart, 'n sportskakelbeampte by Tuks se hoëprestasiesentrum, gee ASA aan atlete geleentheid om teen die spankeuses te appelleer.

Victor Hogan, wat aanvanklik deel van die span was, is sy plek kwyt nadat hy verlede jaar positief getoets het vir 'n verbode middel. ASA het Hogan aan die span onttrek en nie 'n plaasvervanger gekies nie.

ASA moet boonop ook pa staan vir die feit dat sy 4x100-mansaflosspan nie deur die IAAF uitgenooi is om in Londen te hardloop nie – dit ondanks die feit dat SA naellopers vanjaar met drie van die sewe vinnigste tye ter wêreld spog.

ASA het vroeër vanjaar besluit om die nasionale kampioenskap op dieselfde naweek te hou as die IAAF se Afloswêreldbyeenkoms in die Bahamas. Gevolglik het die topatlete eerder in Potchefstroom deelgeneem.

Met Simbine, Van Niekerk en Thando Roto wat reeds vanjaar die 100 in minder as tien sekondes afgelê het, sou die land 'n gedugte span kon inskryf.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.